EXTRAORDINARY BUITENGEWONE

THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.] [Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

VOL. CLXXX.] PRICE 6d. CAPE TOWN, 20TH MAY, 1955. KAAPSTAD, 20 MEI 1955. PRYS 6d. [No. 5479.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER.

The following Government Notice is published for general information:—

No. 1057.] [20th May, 1955.

It is hereby notified that His Excellency the Governor-General has been pleased to assent to the following Acts, which are hereby published for general information:—

PAGE

No. 26 of 1955: South-West Africa Constitution Amendment Act, 1955 .. 2
No. 28 of 1955: Building Societies Amendment Act, 1955.. 4
No. 30 of 1955: Natural Resources Development Amendment Act, 1955 10
No. 31 of 1955: Land Settlement Amendment Act, 1955.. 18
No. 32 of 1955: Fishing Industry Development Amendment Act, 1955 20
No. 33 of 1955: Diamond Cutting Act, 1955 .. 22

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER.

Onderstaande Goewermentskennisgewing word ter algemene inligting gepubliseer:—

No. 1057.] [20 Mei 1955.

Hierby word bekend gemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om sy goedkeuring te heg aan onderstaande Wette, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

BLADSY

No. 26 van 1955: Wysigingswet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1955 .. 3
No. 28 van 1955: Wysigingswet op Bouverenigings, 1955 5
No. 30 van 1955: Wysigingswet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1955 11
No. 31 van 1955: Wysigingswet op Nedersettings, 1955 19
No. 32 van 1955: Wysigingswet op die Ontwikkeling van die Visnywerheid, 1955 .. 21
No. 33 van 1955: Wet op die Slyp van Diamante, 1955 23

No. 26, 1955.]

ACT

To amend the South-West Africa Constitution Act, 1925.

(*Afrikaans text signed by the Governor-General.*)
(*Assented to 5th May*, 1955.)

BE IT ENACTED by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of section 3 of Act 42 of 1925.

1. Section *three* of the South-West Africa Constitution Act, 1925 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the addition thereto of the following sub-section:

"(3) The Administrator in Executive Committee may, notwithstanding the provisions of sub-section (2) or of any other law, by resolution delegate to the Administrator, subject to such conditions as may be specified in the resolution, any power, authority or function vested in the Administrator in Executive Committee under this Act or any other law, and any power, authority or function exercised by the Administrator under such a delegation shall for all purposes be deemed to have been exercised by the Administrator in Executive Committee.".

Amendment of section 36 of Act 42 of 1925, as amended by section 5 of Act 38 of 1931.

2. Section *thirty-six* of the principal Act is hereby amended by the substitution in sub-section (7) for the word "twenty-five" of the words "two hundred".

Short title.

3. This Act shall be called the South-West Africa Constitution Amendment Act, 1955.

No. 26, 1955.]

WET

Tot wysiging van die „Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet, 1925".

(*Afrikaanse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.*)
(*Goedgekeur op 5 Mei 1955.*)

DIT WORD BEPAAL deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Wysiging van artikel 3 van Wet 42 van 1925.

1. Artikel *drie* van die „Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet, 1925" (hieronder die Hoofwet genoem), word hiermee gewysig deur die volgende sub-artikel daarby te voeg:

„(3) De Administrateur in Uitvoerend Komitee kan, ondanks de bepalingen van sub-artikel (2) of van een andere wet, bij besluit enige macht, bevoegdheid of funktie die krachtens deze Wet of een andere wetsbepaling bij de Administrateur in Uitvoerend Komitee berust, aan de Administrateur opdragen, behoudens de voorwaarden in het besluit vermeld, en enige macht, bevoegdheid of funktie door de Administrateur uit hoofde van zulk een opdracht uitgeoefend, wordt voor alle doeleinden geacht door de Administrateur in Uitvoerend Komitee uitgeoefend geweest te zijn.".

Wysiging van artikel 36 van Wet 42 van 1925, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 38 van 1931.

2. Artikel *ses-en-dertig* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur in sub-artikel (7) die woorde „vijf en twintig" deur die woorde „twee honderd" te vervang.

Kort titel.

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1955.

No. 28, 1955.]

ACT

To amend the Building Societies Act, 1934.

(*Afrikaans text signed by the Governor-General.*)
(*Assented to 10th May*, 1955.)

BE IT ENACTED by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of section 13 of Act 62 of 1934.

1. Section *thirteen* of the Building Societies Act, 1934 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the insertion in the second proviso to sub-section (1) after the words "any" and "such" of the word "other";

(*b*) by the insertion after sub-section (1) of the following sub-section:

"(1)*bis* If the registrar declares in writing that he is satisfied that the number of the members of the society concerned is so large that it would not be practicable to obtain the concurrence of members as provided in sub-section (1), but that it would be proper that the change of name be effected if the resolution obtained the concurrence in writing of members whose shares, together with the shares of the members who voted in favour of the resolution, amount in value to a fraction stated by him of the total value of the shares of that society, the change of name may, notwithstanding the provisions of sub-section (1) but subject to the provisions of the second proviso thereto, be effected if the resolution obtains the concurrence, in writing, of members in accordance with the registrar's declaration."; and

(*c*) by the addition at the end thereof of the following sub-section:

"(5) If the registrar has certified in writing that in his opinion the new name of the society is so similar to its former name that both names obviously refer to the same society, any mortgage bond or title-deeds registered in the former name of the society shall unless and until it is sought to endorse such bond or title-deeds regarding any transaction other than a cancellation, be deemed to have been registered in the name of the society as changed.".

Amendment of section 22 of Act 62 of 1934, as amended by section 2 of Act 56 of 1937, section 1 of Act 39 of 1941, section 5 of Act 24 of 1942, section 6 of Act 28 of 1943, section 3 of Act 33 of 1946 and section 21 of Act 33 of 1949.

2. Section *twenty-two* of the principal Act is hereby amended by the substitution in sub-paragraph (iii) of paragraph (*d*) of sub-section (1) for the table of the following table:

"

Total assets of society as at the close of the last financial year.	Maximum savings account credits.	Maximum monthly repayments to any one person on fixed deposit.
Under £250,000	£1,000	£2,000
£250,000 and under £1,000,000 ..	£1,500	£2,500
£1,000,000 and under £5,000,000 ..	£2,500	£3,500
£5,000,000 and under £10,000,000..	£3,500	£4,500
£10,000,000 and under £20,000,000..	£4,000	£5,000
£20,000,000 and over	£5,000	£6,000.".

Amendment of section 24 of Act 62 of 1934, as amended by section 3 of Act 39 of 1941, section 7 of Act 24 of 1942, section 8 of Act

3. (1) Section *twenty-four* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the insertion after sub-section (1)*bis* of the following sub-sections:

"(1)*ter* (*a*) A reducible mortgage of immovable property shall provide for the repayment of the capital amount advanced—

No. 28, 1955.]

WET

Tot wysiging van die Bouverenigingswet, 1934.

(*Afrikaanse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.*)
(*Goedgekeur op* 10 *Mei* 1955.)

DIT WORD BEPAAL deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Wysiging van artikel 13 van Wet 62 van 1934.

1. Artikel *dertien* van die Bouverenigingswet, 1934 (hieronder die Hoofwet genoem), word hiermee gewysig—

(*a*) deur in die tweede voorbehoudsbepaling by sub-artikel (1) voor die woorde „tevore" en „reeds" die woord „ander" in te voeg;

(*b*) deur na sub-artikel (1) die volgende sub-artikel in te voeg:

„(1)*bis* Indien die registrateur skriftelik verklaar dat hy oortuig is dat die aantal lede van die betrokke vereniging so groot is dat dit nie doenlik sou wees om die goedkeuring van lede volgens voorskrif van sub-artikel (1) te verkry nie, maar dat dit reg sou wees dat die naamsverandering bewerkstellig word indien die besluit skriftelik goedgekeur word deur lede wie se aandele, tesame met die aandele van die lede wat ten gunste van die besluit gestem het, in waarde gelyk is aan 'n deur hom vermelde breuk van die totale waarde van die aandele van daardie vereniging, dan kan die naamsverandering, ondanks die bepalings van sub-artikel (1) maar behoudens die bepalings van die tweede voorbehoudsbepaling daarby, bewerkstellig word indien die besluit skriftelik goedgekeur word deur lede ooreenkomstig die verklaring van die registrateur."; en

(*c*) deur aan die end daarvan die volgende sub-artikel by te voeg:

„(5) Indien die registrateur skriftelik gesertifiseer het dat na sy mening, die nuwe naam van die vereniging so na aan sy vorige naam is dat beide name klaarblyklik op dieselfde vereniging betrekking het, word enige verband of titelbewyse wat geregistreer is in die vorige naam van die vereniging geag in die naam van die vereniging, soos verander, geregistreer te gewees het, tensy en totdat dit verlang word om sodanige verband of titelbewyse met betrekking tot 'n ander transaksie dan 'n kansellasie te endosseer.".

Wysiging van artikel 22 van Wet 62 van 1934, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 56 van 1937, artikel 1 van Wet 39 van 1941, artikel 5 van Wet 24 van 1942, artikel 6 van Wet 28 van 1943, artikel 3 van Wet 33 van 1946 en artikel 21 van Wet 33 van 1949.

2. Artikel *twee-en-twintig* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur in sub-paragraaf (iii) van paragraaf (*d*) van sub-artikel (1) die tabel deur die volgende tabel te vervang:

"

Totale bate van vereniging soos by sluiting van sy jongste boekjaar.	Maksimum krediet op spaarrekening.	Maksimum maandelikse terugbetalings aan enige individuele persoon op vaste deposito's.
Onder £250,000	£1,000	£2,000
£250,000 en onder £1,000,000 ..	£1,500	£2,500
£1,000,000 en onder £5,000,000 ..	£2,500	£3,500
£5,000,000 en onder £10,000,000 ..	£3,500	£4,500
£10,000,000 en onder £20,000,000 ..	£4,000	£5,000
£20,000,000 en bo	£5,000	£6,000.".

Wysiging van artikel 24 van Wet 62 van 1934, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 39 van 1941, artikel 7 van Wet 24 van 1942, artikel 8 van Wet

3. (1) Artikel *vier-en-twintig* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

(*a*) deur na sub-artikel (1)*bis* die volgende sub-artikels in te voeg:

„(1)*ter* (*a*) 'n Verminderbare verband op onroerende eiendom moet voorsiening maak vir die terugbetaling van die kapitaalbedrag voorgeskiet—

28 of 1943, section 4 of Act 33 of 1946 and section 21 of Act 33 of 1949.

(i) within a period of not more than thirty years where the capital amount advanced does not exceed five thousand pounds and the mortgaged property is property on which a dwelling house has been or is to be erected; or

(ii) within a period of not more than twenty years in all other cases:

Provided that if any portion of the capital amount advanced has been repaid to and re-advanced by the society, the period within which the balance of the capital amount advanced and the amount so re-advanced shall be repaid, shall be reckoned from the date of the re-advance.

(*b*) A reducible mortgage of immovable property may, subject to the provisions of paragraph (*a*) of sub-section (1)*quater* and sub-section (4), be converted at any time into a fixed term mortgage of immovable property, but no such conversion shall have the effect of extending the date of repayment of the capital amount advanced beyond the date on which it would have been repayable if no conversion had taken place.

(1)*quater* (*a*) A fixed term mortgage of immovable property shall provide for the repayment of the capital amount advanced within a period of not more than five years: Provided that the period within which the capital amount is to be repaid may be extended from time to time in the discretion of the society for further periods not exceeding five years up to a maximum of fifteen years in all from the date of registration of such mortgage.

(*b*) A fixed term mortgage of immovable property may be converted within five years from the date of its registration, into a reducible mortgage of immovable property: Provided that the terms of such reducible mortgage shall provide for the repayment of the capital amount advanced by a date not later than the latest date which could have been determined under paragraph (*a*) of sub-section (1)*ter* if such amount had originally been advanced on security of a reducible mortgage of immovable property."; and

(*b*) by the substitution for sub-section (5) of the following sub-section:

"(5) In calculating, for the purposes of sub-section (3) or (4), the value of any collateral security furnished, that value shall, if the collateral security—

(*a*) consists of deposits with a registered permanent society or fixed deposits with a bank, be taken at the full amount of the deposits;

(*b*) consists of shares in a registered permanent society, be taken at the amount paid up on the shares;

(*c*) consists of a life insurance policy, be taken at the surrender value of the policy;

(*d*) consists of any form of guarantee approved by the registrar, be taken at the full amount guaranteed;

(*e*) is in any form not mentioned in paragraph (*a*), (*b*), (*c*) or (*d*) and the mortgage is a reducible mortgage of immovable property, be taken at seventy-five per cent. of the value of the collateral security reasonably determined; and

(*f*) is in any form not mentioned in paragraph (*a*), (*b*), (*c*) or (*d*) and the mortgage is a fixed term mortgage of immovable property, be taken at sixty-six and two-thirds per cent. of the value of the collateral security reasonably determined.".

(2) For the purposes of the proviso to paragraph (*a*) and of paragraph (*b*) of sub-section (1)*quater* of section *twenty-four* of the principal Act any fixed term mortgage of immovable property in existence at the date of commencement of this Act shall be deemed to have been registered on that date.

(i) binne 'n tydperk van hoogstens dertig jaar waar die kapitaalbedrag voorgeskiet nie vyfduisend pond te bowe gaan nie en die verhipotekeerde eiendom, eiendom is waarop 'n woonhuis opgerig is of gaan word; of 28 van 1943, artikel 4 van Wet 33 van 1946 en artikel 21 van Wet 33 van 1949.

(ii) binne 'n tydperk van hoogstens twintig jaar in alle ander gevalle:

Met dien verstande dat as enige gedeelte van die voorgeskiete kapitaalbedrag aan die vereniging terugbetaal en deur hom weer voorgeskiet is, word die tydperk waarbinne die balans van die kapitaalbedrag voorgeskiet en die bedrag aldus weer voorgeskiet, terugbetaal moet word, vanaf die datum van die hervoorskot bereken.

(*b*) 'n Verminderbare verband op onroerende eiendom kan, behoudens die bepalings van paragraaf (*a*) van sub-artikel (1)*quater* en sub-artikel (4), te eniger tyd in 'n vaste termyn-verband op onroerende eiendom omgeskep word, maar geen sodanige omskepping het die uitwerking dat dit die datum van terugbetaling van die voorgeskiete kapitaalbedrag verskuif tot 'n datum na die datum waarop dit terugbetaalbaar sou gewees het as geen omskepping plaasgevind het nie.

(1)*quater* (*a*) 'n Vaste termyn-verband op onroerende eiendom moet voorsiening maak vir die terugbetaling van die voorgeskiete kapitaalbedrag binne 'n tydperk van hoogstens vyf jaar: Met dien verstande dat die tydperk waarbinne die kapitaalbedrag terugbetaal moet word van tyd tot tyd na goeddunke van die vereniging verleng kan word vir verdere tydperke van hoogstens vyf jaar tot 'n maksimum van vyftien jaar vanaf die datum van registrasie van sodanige verband.

(*b*) 'n Vaste termyn-verband op onroerende eiendom kan binne vyf jaar vanaf die registrasie daarvan, in 'n verminderbare verband op onroerende eiendom omgeskep word: Met dien verstande dat die voorwaardes van sodanige verminderbare verband voorsiening moet maak vir die terugbetaling van die voorgeskiete kapitaalbedrag teen 'n datum nie later as die laatste datum wat kragtens paragraaf (*a*) van sub-artikel (1)*ter* vasgestel sou kon gewees het indien sodanige bedrag oorspronklik voorgeskiet was teen sekerheid van 'n verminderbare verband op onroerende eiendom."; en

(*b*) deur sub-artikel (5) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(5) By die berekening, vir die doeleindes van sub-artikel (3) of (4), van die waarde van enige gestelde kollaterale sekerheid, word daardie waarde, indien die kollaterale sekerheid—

(*a*) uit deposito's by 'n geregistreerde permanente vereniging of vaste deposito's by 'n bank bestaan geneem teen die volle bedrag van die deposito's;

(*b*) uit aandele in 'n geregistreerde permanente vereniging bestaan, geneem teen die op die aandele opbetaalde bedrag;

(*c*) uit 'n lewensversekeringspolis bestaan, geneem teen die afkoopwaarde van die polis;

(*d*) uit enige vorm van garansie goedgekeur deur die registrateur bestaan, geneem teen die volle bedrag gegarandeer;

(*e*) in 'n vorm is wat nie in paragraaf (*a*), (*b*), (*c*) of (*d*) vermeld word nie en die verband 'n verminderbare verband op onroerende eiendom is, geneem teen vyf-en-sewentig persent van die redelik vasgestelde waarde van die kollaterale sekerheid; en

(*f*) in 'n vorm is wat nie in paragraaf (*a*), (*b*), (*c*) of (*d*) vermeld word nie en die verband 'n vaste termyn-verband op onroerende eiendom is, geneem teen ses-en-sestig en twee-derdes persent van die redelik vasgestelde waarde van die kollaterale sekerheid.".

(2) By die toepassing van die voorbehoudsbepaling by paragraaf (*a*) en van paragraaf (*b*) van sub-artikel (1)*quater* van artikel *vier-en-twintig* van die Hoofwet word enige op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet bestaande vaste termyn-verband op onroerende eiendom, geag op daardie datum geregistreer te gewees het.

Amendment of section 61 of Act 62 of 1934, as amended by section 4 of Act 56 of 1937, section 24 of Act 24 of 1942, section 26 of Act 28 of 1943 and section 10 of Act 33 of 1946.

4. Section *sixty-one* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the definition of "fixed term mortgage of immovable property" of the following definition:

" 'fixed term mortgage of immovable property' means a mortgage of immovable property other than a reducible mortgage of immovable property;"; and

(*b*) by the substitution for the definition of "reducible mortgage of immovable property" of the following definition:

" 'reducible mortgage of immovable property' means a mortgage of immovable property the terms of which provide for the redemption of the capital amount advanced by regular equal payments which shall include any interest due on any amount outstanding;".

Short title.

5. This Act shall be called the Building Societies Amendment Act, 1955.

4. Artikel *een-en-sestig* van die Hoofwet word hiermee gewysig— Wysiging van artikel 61 van Wet 62 van 1934, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 56 van 1937, artikel 24 van Wet 24 van 1942, artikel 26 van Wet 28 van 1943 en artikel 10 van Wet 33 van 1946.

(*a*) deur die omskrywing van „vaste termyn verband op onroerende eiendom" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ ‚vaste termyn-verband op onroerende eiendom' 'n ander verband op onroerende eiendom dan 'n verminderbare verband op onroerende eiendom;"; en

(*b*) deur die omskrywing van „verminderbare verband op onroerende eiendom" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ ‚verminderbare verband op onroerende eiendom' 'n verband op onroerende eiendom die voorwaardes waarvan voorsiening maak vir die delging van die voorgeskiete kapitaalbedrag deur gereelde gelyke betalings wat enige rente betaalbaar op enige uitstaande bedrag moet insluit;".

5. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Bouverenigings, 1955. Kort titel.

No. 30, 1955.]

ACT

To amend the Natural Resources Development Act, 1947.

(*Afrikaans text signed by the Governor-General.*)
(*Assented to 18th May*, 1955.)

BE IT ENACTED by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 51 of 1947.

1. Section *one* of the Natural Resources Development Act, 1947 (hereinafter called the principal Act), is hereby amended by the insertion of the following definition after the definition of "natural resources":

" 'owner', in relation to land, means the person in whose name that land is registered, and includes—
(i) any lessee under a registered lease;
(ii) any person by whom or on whose behalf mining activities are being carried on on such land;
(iii) the legal representative of an owner, within the meaning of the preceding provisions, who has died or become insolvent or who is a minor or of unsound mind or is otherwise under disability, and, if such owner is a company in liquidation, the liquidator thereof;".

Amendment of section 4 of Act 51 of 1947.

2. Section *four* of the principal Act is hereby amended—
(*a*) by the substitution for paragraph (*b*) of the following paragraph:
"(*b*) with the Minister's consent, to investigate and encourage the investigation of the manner in which the natural resources of the Union could best be exploited, developed or used, including the use to which any land could best be allocated, and to submit reports and recommendations in connection therewith to the Minister;";
(*b*) by the substitution for paragraph (*f*) of the following paragraph:
"(*f*) to encourage the teaching and study of regional and town planning and to advise and assist statutory authorities, including local authorities, in regard to such planning;";
(*c*) by the deletion in paragraph (i) of the words "and the collection of information" and the substitution for the words "co-ordinate and disseminate such information" of the words "collect, co-ordinate and disseminate information in regard thereto.".

Amendment of section 8 of Act 51 of 1947.

3. Section *eight* of the principal Act is hereby amended—
(*a*) by the insertion in sub-section (1) after the word "including" of the words "members of and"; and
(*b*) by the substitution in sub-section (3) for the words "members of or officers assigned to the council" of the words "in the full-time employment of the State".

Amendment of section 14 of Act 51 of 1947.

4. Section *fourteen* of the principal Act is hereby amended—
(*a*) by the substitution in sub-section (2) for the expression "paragraphs (*b*) and (*d*)" of the expression "paragraph (*b*)"; and
(*b*) by the addition thereto of the following sub-section:
"(5) Whenever the Governor-General has under paragraph (*b*) of sub-section (1) of this section declared that any controlled area or any part thereof shall cease to be a controlled area or to form part of the controlled area, as the case may be, any permit issued by the Minister under sub-section (1) of section *fifteen* in respect of any land situated within such controlled area or such part thereof, shall lapse.".

No. 30, 1955.]

WET

Tot wysiging van die Wet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1947.

(*Afrikaanse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Mei* 1955.)

DIT WORD BEPAAL deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 51 van 1947.

1. Artikel *een* van die Wet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1947 (hieronder die Hoofwet genoem), word hiermee gewysig deur na die omskrywing van „natuurlike hulpbronne" die volgende omskrywing in te voeg:

„ ‚eienaar', met betrekking tot grond, die persoon op wie se naam daardie grond geregistreer is, en ook—

(i) 'n huurder kragtens 'n geregistreerde huur;

(ii) iemand deur of ten behoewe van wie mynbouwerksaamhede op sodanige grond verrig word;

(iii) die regsverteenwoordiger van 'n eienaar binne die bedoeling van die voorgaande bepalings, wat oorlede is of insolvent geword het, of wat minderjarig of kranksinnig of andersins onbevoeg is, en indien so 'n eienaar 'n maatskappy in likwidasie is, die likwidateur daarvan;".

Wysiging van artikel 4 van Wet 51 van 1947.

2. Artikel *vier* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*b*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) om met die toestemming van die Minister te ondersoek op welke wyse die natuurlike hulpbronne van die Unie die beste ontgin, ontwikkel en gebruik kan word, met inbegrip van die gebruik waarvoor grond die beste aangewys kan word en sodanige ondersoek aan te moedig en om verslae en aanbevelings in verband daarmee aan die Minister voor te lê;";

(*b*) deur paragraaf (*f*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*f*) om onderrig in en die studie van streeks- en dorpsbeplanning aan te moedig en om statutêre outoriteite, met inbegrip van plaaslike besture, met betrekking tot sodanige beplanning van raad en hulp te dien;";

(*c*) deur in paragraaf (i) die woorde „en die versameling van inligting" te skrap en die woorde „daardie inligting te ko-ordineer en te versprei" deur die woorde „inligting in daardie verband te versamel, te ko-ordineer en te versprei" te vervang.

Wysiging van artikel 8 van Wet 51 van 1947.

3. Artikel *agt* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

(*a*) deur in sub-artikel (1) na die woorde „met inbegrip van" die woorde „lede van die raad en" in te voeg; en

(*b*) deur in sub-artikel (3) die woorde „lede van die raad of aan die raad toegewese amptenare" deur die woorde „voltyds in diens van die Staat" te vervang.

Wysiging van artikel 14 van Wet 51 van 1947.

4. Artikel *veertien* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

(*a*) deur in sub-artikel (2) die uitdrukking „paragrawe (*b*) en (*d*)" deur die uitdrukking „paragraaf (*b*)" te vervang; en

(*b*) deur die volgende sub-artikel daaraan by te voeg:

„(5) Wanneer die Goewerneur-generaal kragtens paragraaf (*b*) van sub-artikel (1) van hierdie artikel verklaar het dat 'n beheerde gebied of 'n gedeelte daarvan, na gelang van die geval, nie meer 'n beheerde gebied is nie of nie meer deel van die beheerde gebied uitmaak nie, verval enige permit deur die Minister uitgereik kragtens sub-artikel (1) van artikel *vyftien* ten opsigte van enige grond geleë binne daardie beheerde gebied of daardie gedeelte van die beheerde gebied.".

Substitution of section 15 of Act 51 of 1947.

5. The following section is hereby substituted for section *fifteen* of the principal Act:

"Restriction upon sub-division and use of land in controlled areas.

15. (1) Subject to the provisions of sub-section (2), no person shall, except under the authority of a permit issued by the Minister and in accordance with the conditions therein mentioned (if any) upon which it has been issued—

(*a*) sub-divide any land in any controlled area; or

(*b*) grant to any person the right to an undivided share in land in any controlled area; or

(*c*) use any such land for any purpose for which it was not being used on the date as from which the area concerned is declared a controlled area or to form part of a controlled area, or in the case of land in respect of which any such permit has been issued, for any purpose not authorized by the permit.

(2) The provisions of sub-section (1) shall not apply in respect of—

(*a*) the sub-division of or the granting of the right to an undivided share in, land—

(i) devolving by inheritance, provided no portion or undivided share assigned to any person is less than that to which he would be entitled in accordance with the provisions of the testamentary disposition concerned or on intestate succession; or

(ii) in pursuance of an order of court made before the date as from which the area concerned is declared a controlled area or to form part of a controlled area;

(*b*) the sub-division of or the granting of the right to an undivided share in or the use of land in connection with which the authority, permission or consent of the Governor-General, a Minister, Administrator or any other statutory authority designated by the Minister is required in terms of any law or of any condition contained in the title deed of the land;

(*c*) the use of land—

(i) which is subject to a town planning scheme in force under any law;

(ii) for purely agricultural or pastoral purposes or for purposes of a road or railway; or

(iii) for purposes of mining or prospecting for minerals, except in so far as the land is used for purposes of a brick-field, pottery, quarry, the crushing of stone or the removal of sand or for the erection of any dwelling or compound in connection with any such activity.

(3) The Minister may—

(*a*) with the consent of the owner of land on whose application a permit has been issued under this section or of his successor in title, cancel or amend such permit, and a permit so amended shall thereupon for the purposes of this Act be deemed to have been so issued;

(*b*) upon the recommendation of the council, cancel any permit for the use of land issued under this section, whenever any person has been convicted of using such land otherwise than in accordance with the conditions upon which the permit has been issued or of using such land for any purpose not authorized by the permit, in contravention of the provisions of sub-section (1).

(4) Any permit issued under this section shall not exempt any person from any provision of any other law.".

Amendment of section 16 of Act 51 of 1947.

6. Section *sixteen* of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words "and any statutory authority

5. Artikel *vyftien* van die Hoofwet word hiermee deur die volgende artikel vervang: Vervanging van artikel 15 van Wet 51 van 1947.

„Beperking op onderverdeling en gebruik van grond in beheerde gebiede.

15. (1) Behoudens die bepalings van sub-artikel (2) mag niemand behalwe op gesag van 'n deur die Minister uitgereikte permit en ooreenkomstig die daarin vermelde voorwaardes (as daar is) waarop dit uitgereik is—

(*a*) in 'n beheerde gebied grond onderverdeel nie; of

(*b*) aan enige persoon die reg op 'n onverdeelde aandeel in grond in 'n beheerde gebied verleen nie; of

(*c*) sulke grond vir 'n doel gebruik waarvoor dit nie op die datum met ingang waarvan die betrokke gebied tot 'n beheerde gebied of tot deel van 'n beheerde gebied verklaar word, in gebruik was nie, of in die geval van grond ten opsigte waarvan so 'n permit uitgereik is, vir 'n doel wat nie deur die permit gemagtig word nie.

(2) Die bepalings van sub-artikel (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van—

(*a*) die onderverdeling van of die verlening van die reg op 'n onverdeelde aandeel in, grond—

(i) wat vererf, mits geen gedeelte of onverdeelde aandeel wat aan iemand toegewys word kleiner is as dié waarop hy ooreenkomstig die bepalings van die betrokke uiterste wilsbeskikking of by intestate erfopvolging geregtig sou wees; of

(ii) ingevolge 'n geregtelike bevel wat uitgereik is voor die datum met ingang waarvan die betrokke gebied tot 'n beheerde gebied of tot deel van 'n beheerde gebied verklaar word;

(*b*) die onderverdeling van of die verlening van die reg op 'n onverdeelde aandeel in of die gebruik van grond in verband waarmee die magtiging, verlof of toestemming van die Goewerneur-generaal, 'n Minister, Administrateur of deur die Minister aangewese ander statutêre outoriteit, luidens 'n wetsbepaling of 'n voorwaarde vervat in die titelbewys van die grond vereis word;

(*c*) die gebruik van grond—

(i) wat onder 'n dorpsbeplanningskema val wat ingevolge 'n wet van krag is;

(ii) vir suiwer landbou- of weidingsdoeleindes of vir doeleindes van 'n pad of spoorweg; of

(iii) vir doeleindes van die myn van of prospekteer vir minerale, behalwe vir sover die grond gebruik word vir doeleindes van 'n steenmakery, pottebakkery, steengroef, die breek van klippe of die verwydering van sand of vir die oprigting van enige woning of kampong in verband met so 'n bedrywigheid.

(3) Die Minister kan—

(*a*) met die toestemming van die eienaar van grond op wie se aansoek 'n permit ingevolge hierdie artikel uitgereik is of van sy regsopvolger, sodanige permit intrek of wysig, en 'n aldus gewysigde permit word dan vir die doeleindes van hierdie Wet geag aldus uitgereik te gewees het;

(*b*) op aanbeveling van die raad, 'n kragtens hierdie artikel uitgereikte permit vir die gebruik van grond intrek wanneer iemand skuldig bevind is aan die gebruik van sodanige grond op 'n ander wyse as ooreenkomstig die voorwaardes waarop die permit uitgereik is of aan die gebruik van sodanige grond vir 'n doel wat nie deur die permit gemagtig word nie, in stryd met die bepalings van sub-artikel (1).

(4) 'n Kragtens hierdie artikel uitgereikte permit stel niemand van die bepalings van enige ander wet vry nie.".

6. Artikel *sestien* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die woorde „en 'n statutêre outoriteit (met inbegrip van Wysiging van artikel 16 van Wet 51 van 1947.

(including the Governor-General, any Minister of State and any Administrator) in deciding whether or not to grant any authority, permission or consent in connection with the subdivision" of the words "and the Governor-General, any Minister, Administrator or other statutory authority referred to in paragraph (*b*) of sub-section (2) of section *fifteen*, in deciding whether or not to grant any authority, permission or consent referred to in the said paragraph in connection with the subdivision of or the granting of the right to an undivided share in".

Insertion of section 17*bis* in Act 51 of 1947.

7. The following section is hereby inserted in the principal Act after section *seventeen*:

"Lapsing of permit on exemption being granted.

17*bis*. Whenever an exemption is granted under section *seventeen*, any permit issued in terms of sub-section (1) of section *fifteen* which is in consequence of the granting of such exemption no longer required, shall lapse.".

Insertion of section 19*bis* in Act 51 of 1947.

8. The following section is hereby inserted in the principal Act after section *nineteen*:

"Consideration of reports and recommendations.

19*bis*. The Minister may refer any report or recommendation submitted to him by the council in terms of paragraph (*b*) of section *four* to any authority having an interest therein for consideration, including, in the case of any such recommendation, consideration as to whether or not effect should be given thereto in whole or in part, or may refer such report or recommendation back to the council for consideration of and report on any amendment he may suggest and thereafter refer it either without modification or with such modification as he may deem expedient, to the said authority for the said purpose.".

Amendment of section 21 of Act 51 of 1947.

9. Section *twenty-one* of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words "all such" of the words "every scheme referred to in section *eighteen*, or part thereof, which has been approved by the Minister, and every recommendation referred to in section *nineteen bis* which has been adopted in whole or in part by the authority concerned, and all other".

Amendment of section 23 of Act 51 of 1947.

10. (1) Section *twenty-three* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for sub-sections (1), (2) and (3) of the following sub-sections:

"(1) Whenever any area has been declared a controlled area or to form part of any such area, the Minister may cause a register to be compiled containing a description of such of the purposes for which any piece of land or any portion thereof in that area was being used on the date as from which that area was so declared, as the Minister may determine, and a record of every permit issued in respect of such land.

(2) The Minister may from time to time by notice in the *Gazette* and in at least one English and one Afrikaans newspaper circulating in any controlled area, call upon all owners of land within that controlled area or within any part of that area specified in the notice, to supply the secretary of the board within a period so specified, not being less than thirty days after the last publication of such notice in the *Gazette*, with any information considered necessary by the Minister for the purposes of sub-section (1) and indicated in the notice, and any such order may be withdrawn or amended by the Minister from time to time in the same manner.

(3) If the secretary of the board is at any time satisfied that any entry in any such register is incorrect, he shall correct the entry: Provided that if the correction is not made at the instance of the owner of the land he shall, before making the correction, notify such owner in writing of the proposed correction and afford him an opportunity of submitting within a specified period of not less than thirty days such representations as he may wish to make.";

(*b*) by the substitution in sub-section (4) for the words "officer in charge of any such register for that area"

die Goewerneur-generaal, 'n Staatsminister en 'n Administrateur), wanneer hy besluit of hy al dan nie enige magtiging, vergunning of toestemming sal verleen in verband met die onderverdeling" te vervang deur die woorde „en die Goewerneur-generaal, 'n Minister, Administrateur of ander in paragraaf (*b*) van sub-artikel (2) van artikel *vyftien* bedoelde statutêre outoriteit, wanneer hy besluit of hy al dan nie enige in gemelde paragraaf bedoelde magtiging, verlof of toestemming sal verleen in verband met die onderverdeling van of verlening van die reg op 'n onverdeelde aandeel in".

Invoeging van artikel 17*bis* in Wet 51 van 1947.

7. Die volgende artikel word hiermee na artikel *sewentien* van die Hoofwet ingevoeg:

„Verval van permit by verlening van vrystelling.

17*bis*. Wanneer 'n vrystelling kragtens artikel *sewentien* verleen word, verval enige kragtens sub-artikel (1) van artikel *vyftien* uitgereikte permit wat as gevolg van die verlening van sodanige vrystelling onnodig word.".

Invoeging van artikel 19*bis* in Wet 51 van 1947.

8. Die volgende artikel word hiermee na artikel *negentien* van die Hoofwet ingevoeg:

„Oorweging van verslae en aanbevelings.

19*bis*. Die Minister kan 'n verslag of aanbeveling deur die raad aan hom ingevolge paragraaf (*b*) van artikel *vier* voorgelê, na enige owerheid wat daarby belang het vir oorweging verwys, met inbegrip, in die geval van so 'n aanbeveling, van oorweging of daaraan in sy geheel of gedeeltelik uitvoering gegee behoort te word al dan nie, of kan sodanige verslag of aanbeveling na die raad terugverwys vir oorweging van en verslag oor enige wysiging wat hy aan die hand mag gee en dit daarna, hetsy sonder verandering of met sodanige verandering as wat hy raadsaam ag, na bedoelde owerheid vir gemelde doel verwys.".

Wysiging van artikel 21 van Wet 51 van 1947.

9. Artikel *een-en-twintig* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die woorde „al die" deur die woorde „elke in artikel *agtien* bedoelde skema of deel daarvan wat deur die Minister goedgekeur is, en elke in artikel *negentien bis* bedoelde aanbeveling wat deur die betrokke owerheid in sy geheel of gedeeltelik aanvaar is, en alle ander" te vervang.

Wysiging van artikel 23 van Wet 51 van 1947.

10. (1) Artikel *drie-en-twintig* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

(*a*) deur sub-artikels (1), (2) en (3) deur die volgende sub-artikels te vervang:

„(1) Wanneer 'n gebied tot 'n beheerde gebied of tot deel van so 'n gebied verklaar is, kan die Minister 'n register laat opstel wat 'n beskrywing bevat van sodanige van die doeleindes waarvoor enige stuk grond of enige gedeelte daarvan in daardie gebied in gebruik was op die datum met ingang waarvan daardie gebied aldus verklaar was, as wat die Minister bepaal, asook 'n aantekening van elke permit wat ten opsigte van bedoelde grond uitgereik is.

(2) Die Minister kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* en in minstens een Afrikaanse en een Engelse nuusblad wat in 'n beheerde gebied in omloop is, alle eienaars van grond binne daardie beheerde gebied of binne 'n in die kennisgewing vermelde deel van daardie gebied, aansê om binne 'n aldus vermelde tydperk van minstens dertig dae na die laaste publikasie van bedoelde kennisgewing in die *Staatskoerant*, die sekretaris van die raad te voorsien van enige inligting wat deur die Minister vir die doeleindes van sub-artikel (1) nodig geag word en wat in die kennisgewing aangedui word, en so 'n aansegging kan op dieselfde wyse deur die Minister van tyd tot tyd ingetrek of gewysig word.

(3) Indien die sekretaris van die raad te eniger tyd oortuig is dat 'n inskrywing in so 'n register onjuis is, verbeter hy die inskrywing: Met dien verstande dat, indien die verbetering nie op versoek van die eienaar van die betrokke grond aangebring word nie, alvorens hy die verbetering aanbring, hy bedoelde eienaar skriftelik van die voorgenome verbetering verwittig en hom 'n geleentheid gee om binne 'n vermelde tydperk van minstens dertig dae die vertoë wat hy aan bedoelde sekretaris wens te rig, voor te lê.";

(*b*) deur in sub-artikel (4) die woorde „amptenaar wat oor so 'n register vir daardie gebied toesig het" deur die

of the words "secretary of the board" and the insertion, in paragraphs (*a*) and (*b*) of the said sub-section, after the words "appears from" of the word "any";

(*c*) by the substitution in sub-section (5) for the words "officer in charge of any such register" of the words "secretary of the board"; and

(*d*) by the addition of the following sub-section:

"(6) For the purposes of this section 'piece of land' means any land registered as a separate piece of land in any deeds registry at the date on or from which the area within which it is situated is under the provisions of section *fourteen* declared a controlled area or to form part of an existing controlled area or deemed to have been declared a controlled area, and includes any land in respect of which a certificate of consolidated title is after such date issued in terms of section *forty* of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937).".

(2) Any information supplied before the commencement of this Act in terms of sub-section (2) of section *twenty-three* of the principal Act shall be deemed to have been supplied in terms of the provisions of the principal Act as substituted by paragraph (*a*) of sub-section (1) of this section.

Amendment of section 24 of Act 51 of 1947.

11. Section *twenty-four* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the insertion in sub-section (1) after the words "section *twenty-three*" of the words "or fails to supply the information referred to in sub-section (2) of section *twenty-three* within the period specified in any notice issued under that sub-section or such further period as the council may allow"; and

(*b*) for the substitution in sub-section (2) for the word "shall" of the word "may".

Amendment of section 25 of Act 51 of 1947.

12. Section *twenty-five* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the insertion in paragraph (*b*) of sub-section (1) after the words "the form of" of the words "permits and"; and

(*b*) by the addition at the end of paragraph (*c*) of sub-section (1) of the words "and the information referred to therein shall be supplied;".

Short title.

13. This Act shall be called the Natural Resources Development Amendment Act, 1955.

woorde „sekretaris van die raad" te vervang, en in paragrawe (*a*) en (*b*) van bedoelde sub-artikel die woorde „dat dit uit die register blyk" te vervang deur die woorde „dat dit uit so 'n register blyk";

(*c*) deur in sub-artikel (5) die woorde „amptenaar wat oor so 'n register toesig het," deur die woorde „sekretaris van die raad" te vervang; en

(*d*) deur die volgende sub-artikel by te voeg:

"(6) By die toepassing van hierdie artikel beteken ‚stuk grond' grond wat op die datum waarop of met ingang waarvan die gebied waarbinne dit geleë is kragtens die bepalings van artikel *veertien* tot 'n beheerde gebied of tot deel van 'n bestaande beheerde gebied verklaar word of geag word tot 'n beheerde gebied verklaar te gewees het, in 'n registrasiekantoor van aktes as 'n afsonderlike stuk grond geregistreer is, en ook grond ten opsigte waarvan 'n sertifikaat van gekonsolideerde titel na daardie datum kragtens artikel *veertig* van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), uitgereik is.".

(2) Inligting wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge sub-artikel (2) van artikel *drie-en-twintig* van die Hoofwet verstrek is, word geag ingevolge die bepalings van die Hoofwet soos vervang deur paragraaf (*a*) van sub-artikel (1) van hierdie artikel verstrek te gewees het.

Wysiging van artikel 24 van Wet 51 van 1947.

11. Artikel *vier-en-twintig* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

(*a*) deur in sub-artikel (1) na die woorde „valse inligting verstrek" die woorde „of nalaat om die in sub-artikel (2) van artikel *drie-en-twintig* bedoelde inligting binne die tydperk vermeld in 'n kennisgewing ingevolge daardie sub-artikel uitgereik of sodanige verdere tydperk as wat die raad mag toestaan, te verstrek" in te voeg; en

(*b*) deur in sub-artikel (2) die woord „moet" deur die woord „kan" te vervang.

Wysiging van artikel 25 van Wet 51 van 1947.

12. Artikel *vyf-en-twintig* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

(*a*) deur in paragraaf (*b*) van sub-artikel (1) na die woorde „die vorm van" die woorde „permitte en" in te voeg; en

(*b*) deur in paragraaf (*c*) van sub-artikel (1) na die woord „gehou" die woorde „en die daarin bedoelde inligting verskaf" in te voeg.

Kort titel.

13. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1955.

No. 31, 1955.]

ACT

To amend the Land Settlement Act, 1912.

(*English text signed by the Governor-General.*)
(*Assented to* 18*th May*, 1955.)

BE IT ENACTED by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of section 3 of Act 12 of 1912, as substituted by section 3 of Act 57 of 1934, and amended by section 15 of Act 46 of 1945 and section 21 of Act 48 of 1947.

1. (1) Section *three* of the Land Settlement Act, 1912 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution in sub-section (11) for the words "fifteen hundred" of the words "seventeen hundred and fifty" and for the words "twelve hundred and fifty" of the words "fifteen hundred".

(2) Sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the first day of August, 1954.

Amendment of section 3*bis* of Act 12 of 1912, as inserted by section 4 of Act 57 of 1934, and amended by section 7 of Act 28 of 1948.

2. (1) Section *three bis* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the insertion after sub-section (1) of the following sub-section:

"(1)*bis*. The Governor-General may from time to time by proclamation in the *Gazette* exclude from the area of a local land board, as defined in sub-section (1), any portion of that area, and include that portion in the area of any other such board.";

(*b*) by the substitution in sub-section (2) for the word "four" of the word "five"; and

(*c*) by the substitution in sub-section (4) for the expression "(5), (6), (7) and (8)" of the expression "(6), (7) and (8)";

(*d*) by the deletion of sub-section (5);

(*e*) by the deletion in sub-section (7) of all the words preceding the words "A retiring";

(*f*) by the substitution for sub-section (10) of the following sub-section:

"(10) There shall be paid to each member of a board, not being an officer of the public service or a member of the central land board, in addition to his reasonable expenses for travelling and subsistence while engaged upon the business of the board, a monthly salary at a rate not exceeding, in the case of a member of a board appointed in respect of an area referred to in paragraph (*a*) or (*b*) of sub-section (1), six hundred pounds per annum, and in the case of a member of a board appointed in respect of an area referred to in paragraph (*c*), (*d*) or (*e*) of sub-section (1), seven hundred and fifty pounds per annum, subject to such conditions and limitations as may be prescribed by regulation."; and

(*g*) by the substitution for sub-section (12) of the following sub-section:

"(12) The quorum for a meeting of a local land board shall, in the case of any such board consisting of not more than four members, be two of those members, and, in the case of any such board consisting of five members, three of those members.".

(2) Paragraph (*f*) of sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the first day of August, 1954.

Short title.

3. This Act shall be called the Land Settlement Amendment Act, 1955.

No. 31, 1955.]

WET

Tot wysiging van die „Kroongrond Nederzettings Wet, 1912".

(*Engelse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Mei* 1955.)

DIT WORD BEPAAL deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Wysiging van artikel 3 van Wet 12 van 1912, soos vervang deur artikel 3 van Wet 57 van 1934, en gewysig deur artikel 15 van Wet 46 van 1945 en artikel 21 van Wet 48 van 1947.

24. (1) A licence to carry on diamond cutting which is in force at the commencement of this Act shall lapse on the thirty-first day of December of the year following that in which this Act comes into operation.

(2) Subject to the provisions of sub-sections (3) and (4), such a licence shall, until such time as it so lapses, be deemed to be a diamond cutter's licence issued under the provisions of this Act.

(3) Subject to the provisions of sub-sections (4) and (5) of this section, the holder of such a licence shall be entitled to a new licence under this Act: Provided that any restriction, undertaking, qualification or condition imposed or given in connection with a licence referred to in sub-section (1) of this section shall be deemed to have been validly imposed or given and shall remain in force for the purposes of such new licence and, subject to the provisions of paragraph (*a*) of sub-section (2) of section *twenty-three*, for the purposes of any renewal thereof, and any breach of such a restriction, undertaking, qualification or condition shall for the purposes of this Act be deemed to be a breach of a condition imposed in respect of such new licence under this Act.

(4) If the holder of a licence referred to in sub-section (1) applies to the Secretary not later than the date referred to in that sub-section for a new licence under this Act and surrenders at the time of such application the licence referred to in that

(5) 'n Gelisensieerde wat die bepalings van sub-artikel (2) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Oordrag van lisensie.

22. (1) Indien, gedurende die geldigheidstermyn van 'n lisensie uitgereik aan 'n gelisensieerde wat nie 'n vennootskap, maatskappy of vereniging van persone is nie, die gelisensieerde, weens 'n rede wat deur die Minister as voldoende geag word, nie in staat is om die slyp van diamante ten opsigte waarvan die lisensie uitgereik was, persoonlik te verrig of daaroor toesig te hou nie, verval daardie lisensie tensy die Sekretaris op aansoek deur die gelisensieerde 'n ander natuurlike persoon wat die Minister geskik ag, deur endossement op die lisensie magtig om, onderworpe aan die verstrekking van 'n nuwe borgakte deur laasgenoemde persoon op die wyse deur artikel *vyf-en-twintig* bepaal, sodanige slyp van diamante vir die onverstreke termyn van daardie lisensie of vir 'n korter tydperk te verrig.

(2) So iemand aan wie 'n lisensie ingevolge sub-artikel (1) oorgedra is, word by die toepassing van hierdie Wet vir die onverstreke termyn van daardie lisensie of vir sodanige korter tydperk geag die gelisensieerde te wees.

Hernuwing van lisensies.

23. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel en van artikels *een-en-twintig* en *vyf-en-twintig*, is 'n natuurlike persoon, vennootskap, maatskappy of vereniging van persone aan wie 'n lisensie ingevolge hierdie Wet uitgereik is, op 'n nuwe lisensie geregtig indien daardie persoon, vennootskap, maatskappy of vereniging van persone—

(*a*) binne veertien dae na verstryking van die aldus uitgereikte lisensie by die ontvanger van inkomste aansoek doen om 'n nuwe lisensie;

(*b*) die toepaslike bedrag wat deur artikel *sewentien* voorgeskryf word, betaal; en

(*c*) aan die ontvanger van inkomste 'n sertifikaat deur die Kommissaris uitgereik, voorlê ten effekte dat daardie persoon, vennootskap, maatskappy of vereniging van persone die slyp van diamante waarvoor die lisensie aangevra word daadwerklik verrig.

(2) Die Minister kan gelas—

(*a*) dat 'n nuwe lisensie onderworpe gestel word aan enige voorwaardes wat hy goedvind, hetsy hulle voorwaardes wat ten opsigte van die vorige of bestaande lisensie opgelê is aanvul of vervang, of dat 'n aldus opgelegde voorwaarde of 'n beperking, onderneming, kwalifikasie of voorwaarde wat ingevolge sub-artikel (3) van artikel *vier-en-twintig* van krag is, opgehef word;

(*b*) dat, in die geval van 'n vennootskap, maatskappy of vereniging van persone, 'n nuwe lisensie nie in die naam van iemand in wie se naam die vorige of bestaande lisensie uitgereik was, of in die naam van iemand anders wat deur die Minister nie geskik geag word nie, uitgereik word nie.

(3) Geen nuwe tydelike lisensie mag sonder die voorafgaande goedkeuring van die Minister uitgereik word nie.

Bepalings ten opsigte van bestaande lisensies.

24. (1) 'n Lisensie wat die slyp van diamante magtig en wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag is, verval op die een-en-dertigste dag van Desember van die jaar wat volg op die jaar waarin hierdie Wet in werking tree.

(2) Tot tyd en wyl dit aldus verval, word so 'n lisensie, behoudens die bepalings van sub-artikels (3) en (4), geag 'n diamantslyperslisensie te wees wat ingevolge die bepalings van hierdie Wet uitgereik is.

(3) Die houer van so 'n lisensie is, behoudens die bepalings van sub-artikels (4) en (5) van hierdie artikel, geregtig op 'n nuwe lisensie ingevolge hierdie Wet: Met dien verstande dat die oplegging of gee van 'n beperking, onderneming, kwalifikasie of voorwaarde wat in verband met 'n in sub-artikel (1) van hierdie artikel bedoelde lisensie opgelê of gegee is, geag word geldig te gewees het en van krag bly vir die doeleindes van so 'n nuwe lisensie en, behoudens die bepalings van paragraaf (*a*) van sub-artikel (2) van artikel *drie-en-twintig*, vir die doeleindes van 'n hernuwing daarvan, en dat die nie-nakoming van so 'n beperking, onderneming, kwalifikasie of voorwaarde by die toepassing van hierdie Wet geag word die nie-nakoming te wees van 'n voorwaarde wat ten opsigte van so 'n nuwe lisensie ingevolge hierdie Wet opgelê is.

(4) Indien die houer van 'n in sub-artikel (1) bedoelde lisensie nie later nie as die in daardie sub-artikel bedoelde datum by die Sekretaris om 'n nuwe lisensie ingevolge hierdie Wet aansoek doen en ten tyde van die aansoek die in daardie sub-artikel

sub-section, the Secretary shall grant the application and issue to the applicant a document in the prescribed form, setting out any restriction, undertaking, qualification or condition in force, in terms of sub-section (3), in respect of the licence so applied for.

(5) Subject to the provisions of section *twenty-five*, the document referred to in sub-section (4) shall be the authority for the receiver of revenue to issue the licence therein mentioned, subject to payment of the appropriate amount prescribed in section *seventeen* and to the production of a certificate by the Commissioner that the applicant is actively carrying on the diamond cutting for which the licence is required.

(6) The receiver of revenue shall endorse on every licence issued by him under this section any restriction, undertaking, qualification or condition mentioned in sub-section (4), as well as a statement of the situation of the premises in respect of which the licence is issued.

(7) If no application in terms of sub-section (4) is made by any person to whom a licence mentioned in sub-section (1) was issued, such person shall surrender such licence to the Secretary not later than fourteen days after it lapses.

(8) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of sub-section (7) shall be guilty of an offence.

Recognizance.

25. No licence shall be issued unless the applicant for such licence (or, if the applicant is a partnership, company or association of persons, every natural person referred to in section *twenty-one*), has, together with one or more sufficient sureties, entered into a recognizance in the form and manner and on conditions and for amounts prescribed.

Cancellation and suspension of licences.

26. A licence may be cancelled or suspended for a specified period by the Minister on the recommendation of the board: Provided that no such recommendation shall be made unless the board is, after enquiry satisfied that the licensee—

(*a*) is or has at any time either before or after the commencement of this Act been engaged in illicit trade in diamonds or precious metals in contravention of this Act or any other law, or is suspected of assisting or of having assisted in such trade;

(*b*) is or has been engaged in illicit liquor trade;

(*c*) has been convicted of any offence and sentenced to a term of imprisonment exceeding fourteen days without the option of a fine or to a fine exceeding fifty pounds, if such conviction in the opinion of the board unfits the licensee to carry on the diamond cutting authorized by the licence issued to such licensee;

(*d*) has failed or is unable to comply with any of the provisions of this Act;

(*e*) has failed to comply with any condition imposed in respect of the licence issued to such licensee; or

(*f*) holds the licence, in the case of a licence issued to a partnership, company or association of persons, in the name of a person who subsequent to the issue of that licence became subject to any of the disqualifications mentioned in the preceding paragraphs.

Return of cancelled licence.

27. (1) Any licence which has been cancelled under any provision of this Act shall be returned by the person to whom it was issued to the Secretary within seven days after the Secretary has in writing requested its return.

(2) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of sub-section (1) shall be guilty of an offence.

Notice to be published regarding licences.

28. The Secretary shall cause particulars of the issue, expiration, lapsing, transfer, cancellation or suspension of every licence to be published in the *Gazette*.

Acquisition of rough or uncut diamonds by licensee.

29. Any licensee who buys or in any manner receives or acquires any rough or uncut diamond—

(*a*) for a purpose other than the diamond cutting authorized by the licence issued to him; or

(*b*) from any person who is not in lawful possession of such diamond,

shall be guilty of an offence.

bedoelde lisensie inlewer, moet die Sekretaris die aansoek toestaan en aan die applikant 'n dokument in die voorgeskrewe vorm uitreik waarin enige beperking, onderneming, kwalifikasie of voorwaarde vermeld word wat ingevolge sub-artikel (3) van krag is ten opsigte van die lisensie waarom aldus aansoek gedoen word.

(5) Die in sub-artikel (4) bedoelde dokument magtig die ontvanger van inkomste om, behoudens die bepalings van artikel *vyf-en-twintig*, die daarin vermelde lisensie uit te reik, mits die toepaslike, in artikel *sewentien* voorgeskrewe, bedrag betaal word en 'n sertifikaat deur die Kommissaris uitgereik, ten effekte dat die applikant die slyp van diamante waarvoor die lisensie aangevra word daadwerklik verrig, voorgelê word.

(6) Die ontvanger van inkomste moet op elke deur hom ingevolge hierdie artikel uitgereikte lisensie enige in sub-artikel (4) bedoelde beperking, onderneming, kwalifikasie of voorwaarde, asook 'n verklaring waarin vermeld word die ligging van die perseel ten opsigte waarvan die lisensie uitgereik word, endosseer.

(7) Indien geen aansoek deur iemand aan wie 'n in sub-artikel (1) bedoelde lisensie uitgereik was, ingevolge sub-artikel (4) gedoen word nie, moet hy so 'n lisensie nie later nie as veertien dae nadat dit verval by die Sekretaris inlewer.

(8) Iemand wat die bepalings van sub-artikel (7) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Borgakte.

25. Geen lisensie mag uitgereik word nie tensy die applikant om die lisensie (of, indien die applikant 'n vennootskap, maatskappy of vereniging van persone is, elke in artikel *een-en-twintig* bedoelde natuurlike persoon) tesame met een of meer voldoende borge 'n borgakte aangegaan het ooreenkomstig die vorm en wyse, en onderworpe aan die voorwaardes en vir die bedrae, wat voorgeskryf is.

Intrekking en opskorting van lisensies.

26. Op aanbeveling van die raad kan 'n lisensie deur die Minister ingetrek of vir 'n bepaalde tydperk opgeskort word: Met dien verstande dat geen sodanige aanbeveling gedoen mag word nie tensy die raad na ondersoek oortuig is dat die gelisensieerde—

(*a*) betrokke is, of te eniger tyd hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet betrokke was, by die onwettige handel in diamante of edele metale, in stryd met hierdie Wet of met enige ander wetsbepaling, of daarvan verdink word dat hy by sodanige handel behulpsaam is of was;

(*b*) by die onwettige drankhandel betrokke is of was;

(*c*) aan enige misdryf skuldig bevind is en gevonnis is tot 'n termyn gevangenisstraf van meer as veertien dae sonder die keuse van 'n boete of tot 'n boete wat vyftig pond oorskry, indien so 'n skuldigbevinding volgens die raad se oordeel die gelisensieerde ongeskik maak om die slyp van diamante te verrig wat deur die aan daardie gelisensieerde uitgereikte lisensie gemagtig word;

(*d*) versuim het of nie in staat is om aan enige van die bepalings van hierdie Wet te voldoen nie;

(*e*) versuim het om 'n voorwaarde wat ten opsigte van die aan bedoelde gelisensieerde uitgereikte lisensie opgelê is, na te kom; of

(*f*) in die geval van 'n lisensie uitgereik aan 'n vennootskap, maatskappy of vereniging van persone, die lisensie hou in die naam van iemand wat na die uitreik daarvan onderhewig geword het aan enige van die in die voorgaande paragrawe bedoelde onbevoegdhede.

Terugbesorging van ingetrekte lisensie.

27. (1) 'n Lisensie wat ingevolge enige bepaling van hierdie Wet ingetrek is, moet deur die persoon aan wie dit uitgereik was, aan die Sekretaris terugbesorg word binne sewe dae nadat die Sekretaris skriftelik versoek het dat dit terugbesorg word.

(2) Iemand wat die bepalings van sub-artikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Kennisgewing wat in verband met lisensies gepubliseer moet word.

28. Die Sekretaris moet besonderhede omtrent die uitreik, verstryking, verval, oordrag, intrekking of opskorting van elke lisensie in die *Staatskoerant* laat publiseer.

Verkryging van ruwe of ongeslypte diamante deur gelisensieerde.

29. 'n Gelisensieerde wat 'n ruwe of ongeslypte diamant—

(*a*) vir 'n ander doel as die slyp van diamante wat deur die aan hom uitgereikte lisensie gemagtig word; of

(*b*) van iemand wat nie in wettige besit van daardie diamant is nie,

koop of op enige wyse ontvang of verkry, is aan 'n misdryf skuldig.

Prohibited interests.

30. Any licensee who has any interest, direct or indirect, in the business of a dealer, or who permits any dealer to have any interest, direct or indirect, in his business or establishment shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five pounds for every day on which the offence continues.

Provisions regarding licensed premises.

31. (1) No licensee shall carry on diamond cutting elsewhere than on the premises described in the licence issued to him or premises of which the address has been endorsed on that licence under the provisions of section *thirty-two*.

(2) No licensee shall in any way receive or acquire any unpolished diamond elsewhere than on such premises, or in the office or place of business of any producer of diamonds or any dealer, or in such other place as the Secretary may approve or as may be prescribed.

(3) Save as is otherwise prescribed, no licensee shall keep any unpolished diamond received or acquired by him elsewhere than—

(*a*) on such premises; or

(*b*) in a safe deposit vault maintained by a bank; or

(*c*) at such other place as the Secretary may approve.

(4) Every licensee shall affix and keep affixed in some conspicuous place on the outside of and over or by the side of the outer door of such premises his full name or, in the case of a licensee which is a partnership, company or association of persons, its name, style or title, and after such name, style or title a description indicating that such licensee is a licensed diamond cutter, a licensed diamond research worker or a licensed diamond tool-maker, as the circumstances may require.

(5) Such name, style or title and such description, shall be in printed capital letters at least two inches in height and plainly visible and legible.

(6) Any licensee who contravenes or fails to comply with any of the provisions of this section shall be guilty of an offence.

Removal or extension of licensee's place of business or work.

32. If the removal or extension of a licensee's place of business or work to premises other than those in respect of which his licence was issued becomes necessary during the currency of the licence, the Secretary may, on application made by the licensee to the board, authorize and direct the receiver of revenue who issued the licence to endorse on the licence the address at which such other premises are situated.

Notes of sale, purchase, delivery and receipt.

33. (1) Whenever a licensee purchases or receives any unpolished diamond for alteration on behalf of any other person, he shall complete a note of sale and purchase, or of delivery and receipt, as the circumstances may require, in the prescribed form.

(2) The licensee shall retain such note in his place of business for a period of at least one year.

(3) Any licensee who contravenes or fails to comply with the provisions of this section shall be guilty of an offence.

Alteration of cut or polished diamonds.

34. Any licensee who, without the authority of the Commissioner, recuts or alters any cut or polished diamond received or acquired by him from any person shall be guilty of an offence.

Provisions for securing a regular supply of diamonds for diamond cutting.

35. (1) In order that a regular supply of rough or uncut diamonds of such classes, qualities and descriptions as may be required by any licensee may be secured by that licensee, the Minister may from time to time by written notice to any producer of diamonds (in this section called the producer), or dealer, require the producer or dealer to make available for sale to any such licensee at the office or place of business or work of the producer or dealer, as the case may be, during a period specified in the notice, such classes, qualities and descriptions of diamonds as the Minister may by the said notice fix and determine: Provided that whenever it is the custom of the trade, the Minister shall direct that such diamonds shall be taken in a series, which shall be made up according to the value of the diamonds required by the licensee: Provided further that no such notice shall be given by the Minister to any producer or dealer unless the Minister is satisfied that the licensee has been

Verbode belange.

30. 'n Gelisensieerde wat enige belang, direk of indirek, in die besigheid van 'n handelaar het, of wat 'n handelaar toelaat om enige belang, direk of indirek, in sy besigheid of saak te hê, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyf pond vir elke dag waarop die misdryf voortduur.

Bepalings in verband met gelisensieerde persele.

31. (1) Geen gelisensieerde mag diamante slyp nie elders as op die perseel wat beskrywe is in die aan hom uitgereikte lisensie, of op die perseel waarvan die adres ingevolge die bepalings van artikel *twee-en-dertig* op daardie lisensie geëndosseer is.

(2) Geen gelisensieerde mag enige ongepolyste diamant op enige wyse ontvang of verkry nie elders as op sodanige perseel, of in die kantoor of op die besigheidsplek van 'n produsent van diamante of 'n handelaar, of op sodanige ander plek as wat die Sekretaris goedkeur of as wat voorgeskryf is.

(3) Behalwe waar anders voorgeskryf word, mag geen gelisensieerde 'n ongepolyste diamant deur hom ontvang of verkry, op 'n ander plek hou nie as—

(*a*) op sodanige perseel; of

(*b*) in 'n brandkluis wat deur 'n bank in stand gehou word; of

(*c*) op sodanige ander plek as wat die Sekretaris goedkeur.

(4) Elke gelisensieerde moet op 'n in die oog vallende plek aan die buitekant van en bo of langs die buite-deur van sodanige perseel sy volle naam, of in die geval van 'n gelisensieerde wat 'n vennootskap, maatskappy of vereniging van persone is, sy naam, beskrywing of titel en na sodanige naam, beskrywing of titel 'n beskrywing wat aandui dat so 'n gelisensieerde 'n gelisensieerde diamantslyper, 'n gelisensieerde diamantnavorser of 'n gelisensieerde diamantgereedskapvervaardiger, na gelang van die geval is, aanheg en aangeheg hou.

(5) Sodanige naam, beskrywing of titel en sodanige ander beskrywing moet in druk-hoofletters, minstens twee duim hoog en duidelik sigbaar en leesbaar, aangebring word.

(6) 'n Gelisensieerde wat enige van die bepalings van hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen is aan 'n misdryf skuldig.

Verskuiwing of uitbreiding van gelisensieerde se besigheids- of werkplek.

32. Indien die verskuiwing of uitbreiding van 'n gelisensieerde se besigheids- of werkplek na 'n ander perseel as dié ten opsigte waarvan sy lisensie uitgereik was gedurende die geldigheidstermyn van die lisensie noodsaaklik word, kan die Sekretaris, indien aansoek daarom deur die gelisensieerde aan die raad gedoen word, die ontvanger van inkomste wat die lisensie uitgereik het, magtig en gelas om die adres waar sodanige ander perseel geleë is op die lisensie te endosseer.

Verkoops-, koop-, aflewerings- en ontvangsbriewe.

33. (1) Wanneer 'n gelisensieerde 'n ongepolyste diamant koop of ontvang om ten behoewe van iemand anders verander te word, moet hy 'n verkoops- en koopbrief, of aflewerings- en ontvangsbrief, na gelang van die geval, in die voorgeskrewe vorm voltooi.

(2) Die gelisensieerde moet so 'n brief in sy besigheidsplek vir 'n tydperk van minstens een jaar hou.

(3) 'n Gelisensieerde wat die bepalings van hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Verandering van geslypte of gepolyste diamante.

34. 'n Gelisensieerde wat 'n geslypte of gepolyste diamant, deur hom van enigiemand ontvang of verkry, sonder magtiging van die Kommissaris weer slyp of verander, is aan 'n misdryf skuldig.

Bepalings ter verkryging van 'n gereelde toevoer van diamante vir slypdoeleindes.

35. (1) Ten einde 'n gelisensieerde 'n gereelde toevoer van ruwe of ongeslypte diamante van die klasse, kwaliteite en beskrywings wat deur hom benodig word, te laat verkry, kan die Minister van tyd tot tyd 'n produsent van diamante (in hierdie artikel die produsent genoem), of handelaar, by skriftelike kennisgewing aansê om diamante van die klasse, kwaliteite en beskrywings wat die Minister by bedoelde kennisgewing vasstel en bepaal, gedurende 'n in die kennisgewing vermelde tydperk vir verkoop aan so 'n gelisensieerde aan kantoor, of by die besigheids- of werkplek, van die produsent of handelaar, na gelang van die geval, beskikbaar te stel: Met dien verstande dat wanneer dit die handelsgebruik is, die Minister moet gelas dat sodanige diamante reeksgewyse opgeneem word, en so 'n reeks moet ooreenkomstig die waarde van die diamante deur die gelisensieerde benodig, opgemaak word: Met dien verstande voorts dat geen sodanige kennisgewing aan 'n produsent of handelaar deur die Minister gerig mag word nie tensy die Minister oortuig is dat die gelisensieerde nie deur middel van ooreenkoms

unable by agreement with that producer or dealer, to acquire, on terms and conditions deemed by the Minister to be reasonable, a regular supply of diamonds of such classes, qualities and descriptions as will enable the licensee to carry on without interruption the diamond cutting operations authorized by his licence.

(2) The Minister shall in such notice also fix and determine terms and conditions of sale in accordance with sub-sections (4) and (5), and the purchase price shall be paid against delivery of the diamonds.

(3) The producer or dealer, as the case may be, shall on the written demand of any such licensee sell to him diamonds in accordance with the terms of the said notice and notwithstanding that by so selling the producer or dealer will be unable to fulfil an agreement to sell diamonds to any other person.

(4) The terms and conditions of sale fixed by the Minister by the notice mentioned in sub-section (1) shall prescribe that the prices to be paid by the licensee to the producer, or dealer, as the case may be, for the diamonds to be supplied in terms of that notice shall be in accordance with the current market price of those diamonds, arrived at on the basis of the prices obtained by the producer or paid by the dealer: Provided that in the latter case five per cent. may be added.

(5) The terms and conditions of sale fixed by the Minister by the notice mentioned in sub-section (1) shall also include provisions as to—

(*a*) the proof to be adduced as to the prices obtained by the producer or the prices paid by the dealer and the manner in which the prices of the diamonds to be sold to the licensee were determined;

(*b*) the manner in which all questions and disputes which may arise between the licensee and the producer, or dealer, as the case may be, in regard to such sale shall be finally settled; and

(*c*) fair and equitable arrangements between the licensee and the producer, or dealer, as the case may be, in respect of any matter arising under this Act in regard to such sale.

(6) Any such producer or dealer who refuses, on the written demand of a licensee made in terms of sub-section (3), to sell diamonds to the licensee in accordance with the terms of a notice under sub-section (1) shall be guilty of an offence.

(7) For the purposes of this section—

(*a*) "series" means an assortment of diamonds made up according to shape, quality, colour and size; and

(*b*) "producer" shall not include a producer of alluvial diamonds, but "dealer" shall include a purchaser of such diamonds.

Export, sale, delivery or disposal of unpolished diamonds.

36. (1) No licensee shall export or sell, deliver or dispose of unpolished diamonds (other than such diamonds set in tools or implements or crushed or altered under authority of a diamond tool-maker's licence): Provided that, on the authority of a permit in the prescribed form, issued by the Commissioner, a licensee may—

(*a*) sell, deliver or dispose of such diamonds to another licensee, or to a dealer; or

(*b*) export fragments, crushed diamonds or diamond dust resulting from the diamond cutting conducted under the licence issued to him on obtaining in respect of such fragments, crushed diamonds or diamond dust a certificate of valuation by the Government Diamond Valuator and Adviser or by a person authorized by the Minister to issue such a certificate.

(2) All fragments, crushed diamonds and diamond dust referred to in paragraph (*b*) of sub-section (1)—

(*a*) shall be deemed to be diamonds for the purposes of the Diamond Export Duty Act, 1917 (Act No. 27 of 1917); and

(*b*) shall be packed and sealed for export in manner prescribed.

met daardie produsent of handelaar 'n gereelde toevoer van diamante van die klasse, kwaliteite en beskrywings wat die gelisensieerde in staat sal stel om sonder onderbreking die deur sy lisensie gemagtigde diamantslyp-bedrywighede voort te sit, op bedinge en voorwaardes deur die Minister redelik geag, kon verkry nie.

(2) Die Minister moet in bedoelde kennisgewing ook verkoopsbedinge en -voorwaardes ooreenkomstig sub-artikels (4) en (5) vasstel en bepaal, en die koopprys moet teen lewering van die diamante betaal word.

(3) Die produsent of handelaar, na gelang van die geval, moet op skriftelike versoek van so 'n gelisensieerde aan hom diamante ooreenkomstig die inhoud van bedoelde kennisgewing verkoop, nieteenstaande dat die produsent of handelaar, deur aldus te verkoop, nie in staat sal wees om 'n ooreenkoms om diamante aan iemand anders te verkoop, na te kom nie.

(4) Die verkoopsbedinge en -voorwaardes wat deur die Minister by die in sub-artikel (1) bedoelde kennisgewing vasgestel word, moet voorskrywe dat die pryse wat deur die gelisensieerde aan die produsent of handelaar, na gelang van die geval, betaal moet word vir die diamante wat ooreenkomstig daardie kennisgewing verskaf moet word, in ooreenstemming moet wees met die heersende markprys van daardie diamante, bereken op grondslag van die pryse deur die produsent behaal of deur die handelaar betaal: Met dien verstande dat in laasgenoemde geval vyf persent bygevoeg kan word.

(5) Die verkoopsbedinge en -voorwaardes wat deur die Minister by die in sub-artikel (1) bedoelde kennisgewing vasgestel word, moet ook bepalings bevat betreffende—

(*a*) die bewys wat aangevoer moet word aangaande die pryse deur die produsent behaal of die pryse deur die handelaar betaal en die wyse waarop die pryse van die diamante wat aan die gelisensieerde verkoop staan te word, bepaal is;

(*b*) die wyse waarop alle vraagstukke en geskille wat in verband met so 'n verkoping mag ontstaan tussen die gelisensieerde en die produsent, of handelaar, na gelang van die geval, finaal opgelos moet word; en

(*c*) regverdige en billike skikkings tussen die gelisensieerde en die produsent of handelaar, na gelang van die geval, ten opsigte van enige aangeleentheid wat in verband met so 'n verkoping ingevolge hierdie Wet ontstaan.

(6) So 'n produsent of handelaar wat weier om op skriftelike versoek van 'n gelisensieerde ingevolge sub-artikel (3), diamante aan die gelisensieerde ooreenkomstig die inhoud van 'n kennisgewing ingevolge sub-artikel (1) te verkoop, is aan 'n misdryf skuldig.

(7) By die toepassing van hierdie artikel—

(*a*) beteken „reeks" 'n sortering diamante saamgestel ooreenkomstig vorm, kwaliteit, kleur en grootte; en

(*b*) sluit „produsent" nie 'n produsent van spoeldiamante in nie, maar sluit „handelaar" 'n koper van sodanige diamante in.

Uitvoer, verkoop, lewering of van die hand sit van ongepolyste diamante.

36. (1) Geen gelisensieerde mag ongepolyste diamante (behalwe sodanige diamante wat kragtens 'n diamantgereedskap-vervaardigerslisensie fyngemaak of verander of in gereedskap of werktuie aangebring is) uitvoer of verkoop, lewer of van die hand sit nie: Met dien verstande dat 'n gelisensieerde kragtens 'n deur die Kommissaris uitgereikte permit in die voorgeskrewe vorm—

(*a*) sodanige diamante aan 'n ander gelisensieerde of 'n handelaar kan verkoop of lewer of van die hand kan sit; of

(*b*) brokstukke, fyngemaakte diamante of diamantpoeier wat ontstaan uit die slyp van diamante kragtens die aan hom uitgereikte lisensie verrig, kan uitvoer indien hy ten opsigte van sodanige brokstukke, fyngemaakte diamante of diamantpoeier 'n valuasiesertifikaat, uitgereik deur die Goewermentsdiamantwaardeerder en -adviseur of deur iemand wat deur die Minister gemagtig is om so 'n sertifikaat uit te reik, verkry.

(2) Alle in paragraaf (*b*) van sub-artikel (1) bedoelde brokstukke, fyngemaakte diamante en diamantpoeier—

(*a*) word by die toepassing van die „Diamant Uitvoerbelasting Wet, 1917" (Wet No. 27 van 1917), geag diamante te wees; en

(*b*) moet op die voorgeskrewe wyse vir uitvoer verpak en verseël word.

(3) Any licensee who contravenes or fails to comply with any provision of this section shall be guilty of an offence.

Export of cut or polished diamonds

37. (1) No person shall export any cut or polished diamonds which are not set in jewellery, tools or implements unless—

(*a*) such diamonds have been exhibited to and sealed for export in the presence of, the Commissioner; and

(*b*) such person is able to furnish to the Commissioner on request a satisfactory account of his possession of such diamonds.

(2) The provisions of paragraph (*b*) of sub-section (2) of section *thirty-six* shall apply in respect of the export of such diamonds.

(3) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of this section shall be guilty of an offence.

Records to be kept by licensees.

38. (1) Every licensee shall at all times keep a true and correct daily record, in the prescribed form, of such particulars of all his dealings in diamonds and of all his diamond cutting operations, as may be prescribed.

(2) Every licensee shall retain such record for a period of two years subsequent to the occurrence of any event therein recorded in terms of sub-section (1).

(3) Every licensee shall, whenever so required, produce such record for inspection by the Commissioner.

(4) Every licensee shall within three days after the expiration of every month forward to the Commissioner a true copy of all entries in such record for the previous month, together with a solemn declaration testifying to the correctness thereof.

(5) Any licensee who contravenes or fails to comply with the provisions of this section shall be guilty of an offence.

Registration of employees.

39. (1) No licensee shall employ in diamond cutting any person who is not a registered employee.

(2) On an application for registration made to him in the prescribed form and manner by an employee, or an intended employee, as the case may be, in diamond cutting, the Commissioner shall, subject to the provisions of sub-section (3), issue to such employee or intended employee a certificate of registration in the prescribed form.

(3) The issue of such a certificate may be refused, and a certificate issued under this section may be cancelled, or suspended for a specified period, by the Commissioner if the applicant for registration, or registered employee, as the case may be—

(*a*) has been convicted of any offence which in the opinion of the Commissioner unfits such applicant or employee to be employed by a licensee in diamond cutting;

(*b*) habitually associates with any person suspected by the Commissioner of contravening any law relating to the possession or disposal of diamonds or precious metals, or to liquor traffic; or

(*c*) has failed or is unable to comply with any provision of this Act with which it is his duty to comply:

Provided that such applicant or registered employee shall have a right of appeal against such refusal, cancellation or suspension, as the case may be, to the Secretary, whose decision on any such appeal shall be final.

(4) Any person who is employed in diamond cutting by a licensee at the commencement of this Act and who continues in such employment with that licensee shall so long as he continues to be so employed, but for a period not exceeding three months after such commencement, be deemed to be a registered employee.

(5) If a certificate of registration which has been issued to a person under this section is suspended under any provision of this Act, that person shall during the period of suspension be deemed not to be the holder of a certificate of registration.

(6) Any licensee who contravenes or fails to comply with the provisions of sub-section (1) shall be guilty of an offence.

(3) 'n Gelisensieerde wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Uitvoer van geslypte of gepolyste diamante.

37. (1) Niemand mag enige geslypte of gepolyste diamante wat nie in juweliersware, gereedskap of werktuie aangebring is, uitvoer nie tensy—

(*a*) sodanige diamante aan die Kommissaris vertoon en vir uitvoer in sy teenwoordigheid verseël is; en

(*b*) hy aan die Kommissaris op versoek voldoende rekenskap van sy besit van sodanige diamante kan gee.

(2) Die bepalings van paragraaf (*b*) van sub-artikel (2) van artikel *ses-en-dertig* is van toepassing ten opsigte van die uitvoer van sodanige diamante.

(3) Iemand wat die bepalings van hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Aantekenings wat deur gelisensieerdes gehou moet word.

38. (1) Elke gelisensieerde moet te alle tye juiste daaglikse aantekenings, in die voorgeskrewe vorm, hou van die voorgeskrewe besonderhede van al sy transaksies met betrekking tot diamante en van al sy bedrywighede met betrekking tot die slyp van diamante.

(2) Elke gelisensieerde moet sodanige aantekenings vir 'n tydperk van twee jaar na die voorval van enige gebeurtenis daarin ingevolge sub-artikel (1) opgeteken, bewaar.

(3) Elke gelisensieerde moet, wanneer aldus versoek, sodanige aantekenings vir besigtiging deur die Kommissaris toon.

(4) Elke gelisensieerde moet binne drie dae na die einde van elke maand 'n juiste afskrif van alle inskrywings in sodanige aantekenings ten opsigte van die vorige maand gedoen, tesame met 'n plegtige verklaring wat die juistheid daarvan betuig, aan die Kommissaris aanstuur.

(5) 'n Gelisensieerde wat die bepalings van hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Registrasie van werknemers.

39. (1) Geen gelisensieerde mag iemand wat nie 'n geregistreerde werknemer is by die slyp van diamante in diens hê nie.

(2) Wanneer 'n aansoek om registrasie deur 'n werknemer, of voorgenome werknemer, na gelang van die geval, by die slyp van diamante by hom in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse gedoen word, moet die Kommissaris, behoudens die bepalings van sub-artikel (3), aan so 'n werknemer of voorgenome werknemer 'n registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik.

(3) Die uitreik van so 'n sertifikaat kan geweier word, en 'n ingevolge hierdie artikel uitgereikte sertifikaat kan ingetrek of vir 'n bepaalde termyn opgeskort word, deur die Kommissaris, indien die applikant om registrasie, of geregistreerde werknemer, na gelang van die geval—

(*a*) skuldig bevind is aan 'n misdryf wat volgens die oordeel van die Kommissaris sodanige applikant of werknemer ongeskik maak om by 'n gelisensieerde by die slyp van diamante in diens te wees;

(*b*) gereeld omgaan met iemand wat deur die Kommissaris verdink word van die oortreding van enige wetsbepaling op die besit of van die hand sit van diamante of edele metale of op die drankhandel; of

(*c*) versuim het of nie in staat is nie om te voldoen aan enige bepaling van hierdie Wet waaraan hy moet voldoen:

Met dien verstande dat so 'n applikant of geregistreerde werknemer teen so 'n weiering, intrekking of opskorting, na gelang van die geval, 'n reg van appèl na die Sekretaris het, wie se beslissing insake so 'n appèl afdoende is.

(4) Iemand wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet by 'n gelisensieerde in diens is by die slyp van diamante en wat aldus in diens by daardie gelisensieerde bly, word, so lank as hy aldus in diens bly maar vir 'n tydperk van hoogstens drie maande na bedoelde inwerkingtreding, geag 'n geregistreerde werknemer te wees.

(5) Indien 'n registrasiesertifikaat wat kragtens hierdie artikel aan iemand uitgereik is ingevolge enige bepaling van hierdie Wet opgeskort word, word daardie persoon gedurende die opskortingstermyn geag nie die houer van 'n registrasiesertifikaat te wees nie.

(6) 'n Gelisensieerde wat die bepalings van sub-artikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Surrender of certificate of registration.

40. (1) Subject to the proviso to sub-section (3) of section *thirty-nine*, every person whose certificate of registration has been cancelled under any provision of this Act shall return that certificate of registration to the Commissioner within seven days after being requested in writing by the Commissioner to do so.

(2) Any person who fails to comply with the provisions of sub-section (1) shall be guilty of an offence.

Records to be kept by licensees and registered employees.

41. (1) Every licensee shall keep a true and correct daily record, in the form and manner prescribed, of all diamonds handed to and returned by each of his registered employees.

(2) Every registered employee in the employ of a licensee shall keep a true and correct daily record, in the form and manner prescribed, of all diamonds received from and returned by him to the licensee.

(3) Every licensee shall preserve the records referred to in sub-sections (1) and (2) for a period of one year subsequent to the date of any entry therein made, and shall whenever so required, produce such records for inspection by the Commissioner.

(4) Any licensee or registered employee who contravenes or fails to comply with the provisions of this section shall be guilty of an offence.

Notices to be posted by a licensee.

42. (1) Every licensee shall affix and keep affixed in some conspicuous place on his premises referred to in section *thirty-one*—

(*a*) a copy of the licence issued to him; and

(*b*) a list of the registered employees in his employ.

(2) Any licensee who contravenes or fails to comply with the provisions of sub-section (1) shall be guilty of an offence.

Inspection by Police.

43. (1) Any member of the South African Police of the rank of sergeant or above such rank may at all reasonable hours enter upon and inspect any licensee's premises referred to in section *thirty-one*, and may require from the licensee the production of, and may inspect and make copies of and extracts from, any record required to be kept under this Act, and may ask for the production of, and inspect, any diamonds in the possession or under the control of the licensee, and may require from the licensee or any registered employee or other person in his employ any information relating to such record and such diamonds or any other diamonds received by the licensee.

(2) Any person who—

(*a*) refuses or fails to comply to the best of his ability with any requirement made by any member of the South African Police in the exercise of his powers under this section; or

(*b*) refuses or fails to answer to the best of his ability any question which a member of the Police in the exercise of his powers under this section has put to him; or

(*c*) hinders or obstructs a member of the Police in the exercise of his powers under this section,

shall be guilty of an offence.

Unauthorized erection or operation of machinery.

44. Any person, other than a licensee or a registered employee acting in the course of his employment with a licensee, who erects or operates any machine designed or adapted for diamond cutting, without having obtained written permission from the Commissioner to do so, shall be guilty of an offence.

False statements.

45. Any person who in any application made under this Act knowingly makes or causes to be made a statement which is false in a material particular shall be guilty of an offence.

Falsifying records.

46. Any person who knowingly makes or causes to be made or connives at the making of any false entry in any record kept under section *thirty-eight* or section *forty-one*, or who prevents the making of correct entries therein, shall be guilty of an offence.

Penalties.

47. Any person who is guilty of an offence under this Act shall, where no penalty is specially prescribed for such offence, be liable on conviction—

Inlewering van registrasiesertifikaat.

40. (1) Behoudens die voorbehoudsbepaling by sub-artikel (3) van artikel *nege-en-dertig*, moet elke persoon wie se registrasiesertifikaat ingevolge enige bepaling van hierdie Wet ingetrek is, daardie registrasiesertifikaat aan die Kommissaris terugbesorg binne sewe dae nadat hy skriftelik deur die Kommissaris versoek is om dit te doen.

(2) Iemand wat versuim om aan die bepalings van sub-artikel (1) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Aantekenings wat deur gelisensieerdes en geregistreerde werknemers gehou moet word.

41. (1) Elke gelisensieerde moet juiste daaglikse aantekenings, in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse, hou van alle diamante wat oorhandig is aan, en terugbesorg is deur, elkeen van sy geregistreerde werknemers.

(2) Elke geregistreerde werknemer by 'n gelisensieerde in diens moet juiste daaglikse aantekenings, in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse, hou van alle diamante deur hom ontvang van en terugbesorg aan die gelisensieerde.

(3) Elke gelisensieerde moet die in sub-artikels (1) en (2) bedoelde aantekenings bewaar vir 'n tydperk van een jaar na die datum van enige inskrywing daarin gedoen en moet, wanneer aldus versoek, sodanige aantekenings vir besigtiging deur die Kommissaris toon.

(4) 'n Gelisensieerde of geregistreerde werknemer wat die bepalings van hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Kennisgewings wat deur gelisensieerde aangeplak moet word.

42. (1) Elke gelisensieerde moet op 'n in die oog vallende plek op sy in artikel *een-en-dertig* bedoelde perseel—

(*a*) 'n afskrif van die aan hom uitgereikte lisensie; en

(*b*) 'n lys van die geregistreerde werknemers by hom in diens,

aanheg en aangeheg hou.

(2) 'n Gelisensieerde wat die bepalings van sub-artikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Inspeksie deur Polisie.

43. (1) 'n Lid van die Suid-Afrikaanse Polisie wat die rang van sersant of 'n hoër rang beklee, kan te alle redelike tye die in artikel *een-en-dertig* bedoelde perseel van 'n gelisensieerde betree en inspekteer, en kan van die gelisensieerde eis dat hy enige aantekening wat ingevolge hierdie Wet gehou moet word, voorlê en kan so 'n aantekening nasien en afskrifte daarvan en uittreksels daaruit maak, en kan eis dat enige diamante in die besit of onder die beheer van die gelisensieerde getoon word en kan hulle nasien, en kan van die gelisensieerde of enige geregistreerde werknemer of ander persoon in sy diens enige inligting betreffende so 'n aantekening en sodanige diamante of enige ander diamante deur die gelisensieerde ontvang, vorder.

(2) Iemand wat—

(*a*) weier of versuim om na die beste van sy vermoë aan enige vereiste gestel deur 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie by die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge hierdie artikel, te voldoen; of

(*b*) weier of versuim om na die beste van sy vermoë op enige vraag wat 'n lid van die Polisie by die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge hierdie artikel aan hom gestel het, te antwoord; of

(*c*) 'n lid van die Polisie by die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge hierdie artikel hinder of belemmer,

is aan 'n misdryf skuldig.

Ongemagtigde oprigting of gebruik van masjinerie.

44. Enige ander persoon as 'n gelisensieerde, of 'n geregistreerde werknemer wat handel in die loop van sy diens by 'n gelisensieerde, wat sonder dat hy skriftelike toestemming van die Kommissaris daartoe verkry het, 'n masjien wat vir die slyp van diamante ontwerp of geskik gemaak is, oprig of gebruik, is aan 'n misdryf skuldig.

Valse verklarings.

45. Iemand wat met wete dat dit vals is, in 'n aansoek ingevolge hierdie Wet gedoen 'n verklaring doen of laat doen wat in 'n wesenlike besonderheid vals is, is aan 'n misdryf skuldig.

Vervalsing van aantekenings.

46. Iemand wat willens en wetens 'n valse inskrywing in 'n aantekening ingevolge artikel *agt-en-dertig* of artikel *een-en-veertig* gehou, doen of laat doen of die doen daarvan oogluikend toelaat, of wat verhinder dat juiste inskrywings daarin gedoen word, is aan 'n misdryf skuldig.

Strafbepalings.

47. Iemand wat aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig is, is, waar geen straf vir so 'n misdryf spesiaal voorgeskryf word nie, by skuldigbevinding strafbaar—

(*a*) in the case of an offence referred to in sub-section (8) of section *twenty-four*, sub-section (2) of section *forty* or in sub-section (2) of section *forty-two*, or of a contravention of or failure to comply with the provisions of sub-section (4) or (5) of section *thirty-one*, to a fine not exceeding fifty pounds or to imprisonment for a period not exceeding six months;

(*b*) in the case of an offence referred to in sub-section (5) of section *twenty-one*, to a fine not exceeding one hundred pounds;

(*c*) in the case of an offence referred to in sub-section (2) of section *twenty-seven* or sub-section (3) of section *thirty-three*, to a fine not exceeding one hundred pounds or to imprisonment for a period not exceeding six months;

(*d*) in the case of an offence referred to in sub-section (5) of section *thirty-eight*, sub-section (6) of section *thirty-nine*, sub-section (4) of section *forty-one*, sub-section (2) of section *forty-three*, section *forty-five* or section *forty-six*, to a fine not exceeding one hundred pounds or to imprisonment for a period not exceeding one year or to such imprisonment without the option of a fine or to both such fine and such imprisonment;

(*e*) in the case of an offence referred to in section *thirty-four*, sub-section (3) of section *thirty-seven*, or section *forty-four*, to a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment for a period not exceeding one year or to such imprisonment without the option of a fine or to both such fine and such imprisonment; and

(*f*) in the case of an offence referred to in sub-section (3) of section *fifteen*, section *twenty-nine*, sub-section (6) of section *thirty-five* or sub-section (3) of section *thirty-six*, or of a contravention of or failure to comply with sub-section (1), (2) or (3) of section *thirty-one*, to a fine not exceeding one thousand pounds or to imprisonment for a period not exceeding five years or to such imprisonment without the option of a fine or to both such fine and such imprisonment.

Regulations.

48. (1) The Governor-General may make regulations as to—

(*a*) the procedure to be observed at meetings of the board and of the committee;

(*b*) the forms of licences;

(*c*) the form of any application to be made under this Act;

(*d*) the form of any notice to be issued or published under this Act;

(*e*) the form of and conditions attaching to any certificate, permit, permission or authorization provided for in this Act;

(*f*) the form of any endorsement to be made on a licence under this Act;

(*g*) any matter incidental to the cancellation or suspension of a licence or certificate of registration;

(*h*) the returns to be furnished by licensees;

(*i*) such other returns as may be found necessary or expedient for the purposes of this Act;

(*j*) any matter which by this Act is required or permitted to be prescribed by regulation; and

